



# GEMEENTEBULLETIN

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR

**TUINEDAL**  
*huisgesin van God*



*Welkom by vandag se erediens*

**28 Oktober '18**  
**09:00**

**Ds Cor Swart**

**Hervormingsfees, nagmaal en die viering van tannie Greta se 100ste verjaarsdag!**

**Hand 10:1-11:18**

Kleuters tot graad 6 – ná voorsang na die konsistorie.  
Graad 7-11 - ná kollekte na die klein kantoor.

## AS HUISGESIN VAN GOD...

... WIL TUINEDAL 'N VEILIGE RUIMTE WEES WAAR GOED **VERSORGDE** EN **TOEGERUSTE** LIDMATE **GESTUUR** WORD NA 'N STUKKENDE WÊRELD – TOT EER VAN GOD.



Toe het Petrus aan die woord gekom en gesê: "Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie, maar in enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is. Julle weet dat God aan Israel sy woord gestuur het, naamlik die evangelie van vrede wat Jesus Christus gebring het. Hierdie Jesus is Here van almal.

*Hand 10:34-36*



## KONTAK MY ASB

VUL IN, SKEUR AF EN PLAAS IN KOLLEKTEBORDJIE

NAAM EN VAN \_\_\_\_\_

TEL \_\_\_\_\_ E-POS \_\_\_\_\_

NUWE INTREKKER

BESTAANDE LIDMAAT

## HERVORMINGSANGDIENS

Ons nooi julle vriendelik uit om te kom deel in die HERVORMING-SANGDIENS vanaand om 18:00 in die NG Moederkerk. Die diens sal onder andere bestaan uit Skrifvoorlesings en baie samesang. Kom deel gerus in ons geloofsvreugde! Na die diens is daar kans vir verder gesels en die geniet van verversings in die kerksaal. Navrae: 044 8744904



Ons as gemeente vier vandag saam met tannie Greta haar 100ste verjaarsdag! Mag dit 'n spesiale jaar vir tannie wees!



VERSORG • TOEGERUS • GESTUUR  
**TUINEDAL**  
*huisgesin van God*

### MINIBASAAR EN KONSERT

Ons kuier saam, eet saam, lag saam, hou konsert en kuier dan verder saam!

Snoekbraai-ete, Jafels, Pannekoek, Kerrie en rys, Vetkoek en Poeding – als teen sakpaspryse!

Plek: **NGK George-Tuinedal**  
Datum: **2 November 2018**  
Tyd: **17:00**, die konsert begin 18:00  
Ingangsfooï vir konsert: **R20pp**


2019



Ons kyk al ewig terug en wonder hoe ons dinge kan beter maak. Nou is die tyd om VORENTOE te kyk. Bring jou R250, 'n Bybelvers wat jou na aan die hart lê en kom wees deel van volgende jaar se almanak (**net nog 4 maande beskikbaar**). OF bring jou R800 en 'n advertensie van jou besigheid, dan tree ons almal saam die toekoms in.

*File 4:4*

“Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!”



## TIENDEMAAND DANKOFFER

Kry vandag nog vir jou 'n spesiale koevert!  
Of EFT dit, met verwysing: Tiendemaand.  
Die kerkraad se amptelike standpunt oor maandelikse bydraes is soos volg:  
"n **Tiende** is 10% van ons inkomste wiskundig bereken, ongeag wat ons inkomste is. Die Skrif is baie duidelik dat die tiende aan die Here behoort en nie aan onself nie. Ons is doodgewoon aangestel om dit te administreer en te sorg dat dit by die plek in die koninkryk aangewend word soos die Here ons lei. Indien ons die tiende vir onself hou, steel ons van die Here. 'n **Dankoffer** is bo en behalwe my tiende. Dit gee ek om vir Hom dankie te sê vir sy guns en goedheid. *Ons doen dit gewoonlik in Oktober met die tiendemaand dankoffer-koeverte.* 'n **Geloofsoffer** is om bo en behalwe tiendes en dankoffers vir die werk van die Here te gee. Dit is byvoorbeeld om 'n bepaalde bedrag te gee uit die geld wat oorbly nadat ons 'n tiende gegee het sodat die werk in die koninkryk nog vinniger gedoen kan word."

*Deuroffer*

Die deuroffer op 7/10 was R1215 vir Noodvoeding, **baie dankie!**  
Vandag se deuroffer gaan vir **Sinodale Gem Hulpfonds.**

## VERJAARSDAE

*Baie geluk!*

**Vandag 28 Okt**

**Ds Hennie de Kock** 083 263 0099

RR1

**Mienke Senekal** PA1

**Môre 29 Okt**

**Chantal Esterhuizen** 083 395 6325

PA2

**Dinsdag 30 Okt**

**Ané Wessels-Steenkamp** 083 740

2599 BW8

**Woensdag 31 Okt**

**Basil Steyn** 044 874 5310 Dor1

**Donderdag 1 Nov**

**Vivienne Gerber** 082 744 8511 Dor3

**Bertram Hannie** 073 452 2807 GW1

**Vrydag 2 Nov**

**Tilly Roux** 044 873 5826 GS2

**Saterdag 3 Nov**

**Marowayne Jantjies** 074 376 9472

PA4

**En dan wil ek om verskoning vra vir die manne wat per ongeluk verlede week van die lys geval het:**

**Johann Kotze, John Figland (70),**

**Nico Minnaar, Frikkie de Waal,**

**Attie vd Merwe, Elijah Jantjies en**

**Roché Schoeman. Hoop julle dae**

**was heerlik!**

Nedbank: Rekening naam: NGK George-Tuinedal  
Tjek rek no. 114 289 5416, Takkode: 198-765



# VOORBIDDING

*"Bid gedurig." – 1 Thess 5:17*

---

## HIERDIE WEEK DOEN ON S VOORBIDDING VIR...

---

- ...die matrieks wat **eindeksamen skryf**. Sterkte julle almal!!
- ...'n **werk**, waarmee ons 'n inkomste kan ontvang. Ons dank Hom dat Hy ons wysheid gee om dit reg te kan bespaar, bestee en vir Sy werk te gebruik.
- ...die **pastoriegesin**. Ons dank Hom vir hulle gesindheid, voorbeeld en liefde. Ons bid vir hulle: genade, gesondheid, krag, balans en fokus toe, om Jesus vir elkeen te wees met wie hulle in aanraking kom.
- ...elke mens wat jou pad kruis. Vir **kontak** wat ons met **mekaar** het, elke dag. Vir nuwe mense wat deel word van ons huisgesin en op die leë sitplekke in die kerk kom sit. Vir die manier hoe ons *vir mekaar sorg*.
- ...soveel huise waar daar **geestelike**, maar spesifiek ook **finansiële nood** is. Bid dat hulle nie hoop sal verloor of Jesus se hand mis sal kyk in die alledaagse nie. Help waar jy kan en kom ons *dra mekaar*.
- ...mense met **goeie harte**. Ons is dankbaar vir mense, gesinslede van Tuinedal, wat liefde elke dag *leef en doen*.
- ...en 'n dankgebed vir lewe in oorfloed en genade sonder einde.
- ...**godsdienstvryheid**. Vir die voorreg om 'n Bybel, in verskillende vertalings te hê, in ons eie huistaal.
- ...ons internasionale **sendelinge**: Gerhard en Nadine in Sjina; Hans en Patricia in Maleisië en Stefan en Carina in Japan. Elmar en Nadine wat oppad Japan toe is.
- ...ons binnelandse **sendelinge**: Grant en Loki in Port Elizabeth wat onder die studente by NMU werk & EJ en Koekoes in Garies onder YFC.

---

AS ON S VIR JOU OF IEMAND KAN BID, STEL ASB DIE KANTOOR IN KENNIS...  
ONS DOEN DIT GRAAG.

---

Ons gemeentelede wat onlangs iemand aan die dood afgestaan het. Ons dink aan die familie van **Johanna Kritzinger**.

Siektes in ons gemeente: **Ds Pieter** (oog), **Sakkie van der Bank** (kanker, erg verswak), **Irene Pietersen** (siek), tannie **Greta** (ouderdom), **Anelda Jacobs** (12, Ewing Sarcoma beenkanker), almal met griep en almal wat herstel na kankerbehandeling.

---

*Tydens die Lof- en Aanbiddingsaande word spesiaal aandag gegee aan hierdie versoeke. Stuur 'n Whatsapp aan die Kerkkantoor by 0614703626 en raak deel van hierdie kosbare bediening.*